NAMIBIA ENDURANCE RIDE ASSOCIATION

BOX / BUS 30658 TEL: +264-61-243780
PIONIERSPARK
NAMIBIA Mobile:+264-81-286 8169
E-MAIL: secretary@namibiaendurance.org

"TO FINISH IS TO WIN"

NERA Algemene Jaarvergadering, 30 November 2019, Old Wheeler's Klub, Windhoek

1. Opening en Verwelkoming:

Die President, Jan Meeser, verwelkom die lede en open die vergadering met skriflesing en gebed.

2. Voltooiing van bywoningsregister:

Bennie Venter	Otjivero
Jan Meeser	Otjivero
Maryke Meeser	Otjivero
George Wessels	Otjivero
Tanja Maritz	Noorde
Paul Maritz	Noorde
Willem Smit	Noorde
Patrick Liebenberg	Noorde
Leon van Zyl	Kalahari
Rene Knupp	Kalahari
Philip Knupp	Kalahari
Vera Knupp	Kalahari
Yolande Rossouw	Kalahari
Reinholt Schurz	Kalahari
Alice Krenz	Kalahari
Pierre de Witt	Duneside
Stuart Jacobs	Okanjande
Dawid Botha	Okanjande
Rinus v/d Merwe	Okanjande
Rienie v/d Merwe	Okanjande
Dieter Neumann	Tsumeb
Marna Steyl	WERC
Bart Steyl	WERC
Sabine Derks	WERC

- **<u>Verskonings ontvang voor vergaderingsdatum:</u>**

WERC:
Sylvia Janbey
Jeanette Venter
Marianne Friede
Ingeborg Hernes
Leon Harmse
Peet Harmse
Henning du Toit
Barbara du Toit
Herman van Rooyen

Noorde:
Jan Van Blerk
Ignatius Nghilifavali
Gerhard Steyn
Carl Bredenhann

Kalahari:
Dirk Rossouw
Tinus Rossouw
Colin Maletzky

Okanjande:
Bianca Jacobs
Heidi Skrypzeck

Otjivero:
Sune Wessels
Dirk Smit
Engela Lourens
Jan Pienaar
Susan Badenhorst

Duneside:
WP Michau
Hannelie Coetzee
Raymond Schierschmidt

Tsumeb:
Gerhardus Potgieter

- **Konstituering van vergadering:**

Kworum is teenwoordig, volgens die Grondwet. Die vergadering kan voortgaan.

3. Lees en goedkeuring van vorige Notule:

Die notule van die AJV, gehou op 30 Augustus 2018, is aan lede uitgestuur. Dit word goedgekeur. Voorgestel deur Patrick Liebenberg en gesekondeer deur Stuart Jacobs.

4. Voorsitter Jaarverslag

Sien aangehegde Presidentsverslag.

5. 2018 Finansiele Verslag

Lee-Anne Liebenberg gee terugvoering oor die finansiele situasie van Nera.

Die 2018 state is na lede uitgestuur. Vir die eerste keer is die state laat oudit, maar weens die chaos van 2017 kon dit nie afgeteken word nie. Die Rekenmeester is egter baie terevrede en Nera het vir eerste keer geld in die bank.

2018 het begin met N$7000.00 in die bank, en N$50 000.00 se skuld. ‘n Wins van N$115 000.00 is die jaar gemaak en tans is daar N$166 000.00 in die bank. Teen die tempo behoort daar elke jaar omtrent N$80 000.00 wins te wees wat belê kan word.

Nera het nou ‘n goeie naam by alle verskaffers, met alle skulde wat betaal is. Die finasiële jaar sluit af op 31 Desember 2019. In Januarie 2020 sal die boeke dan afgehandel word en die volledige state sal aan lede gestuur word.

Sy herinner lede dat alle lidmaatskap einde van die jaar opgeskort gaan word, maar sodra ledegeld betaal is, sal die lede weer aktief word.

Walvisbaai:

Finansieel het dit nie goed gegaan met die byeenkoms nie.

Die FNB borgskap het verstryk en ‘n nuwe komitee is nodig om die projek te lei. Sy stel voor dat die nuwe komitee en 'n raadslid vroeg in Januarie met FNB onderhandel oor voortsetting van die borgskap.

Die verlies aangeteken was N$86 000.00, saam met die borggeld van N$124 000.00 wat ingesamel is, waarvan meeste deur Reinholt Schurz ingebring is. Sy moedig lede aan om te help met borgskappe. Dit hoef nie groot bedrae te wees nie – elke bietjie help.

Marna Steyl noem dat Henning du Toit en Oom Keith Boehme elkeen N$75 000.00 beskikbaar gaan stel vir Walvisbaai 2020.

Die opsomming van die finansies is aan lede gestuur. Die inkomste was N$588 000.00 en die totale uitgawes was N$674 988.67. Dit was grootliks te wyte aan die gebruik van buitestaanders wat betaal moes word, omdat lede nie beskibaar was om te help nie.

Sy stel voor dat die Walvisbaai ritinskrywingsfooi nie aangepas word nie, omdat sy gesien het hoe swaar dit gaan om die geld in te vorder, maar dat dit aan die Raad oorgelaat word om daaroor te besluit.

Daar is nog 204 000.00 oor in die rekening, weens vorige jare se goeie borgskappe.

Weens Marna Steyl se bydrae was die uitgawes tog minder as vorige jare, te danke aan haar onderhandelinge met diensverskaffers. In 2018 was die uitgawes ongeveer N$800 000.00.

Patrick Liebenberg sê dat in 2018 borgskappe van N$250 000.00 gekry is en in 2019 was dit net N$124 000.00.

Die regstreekse dekking van die byeenkoms op Face Book deur TV Namibia was nie begroot voor nie, maar dit het ‘n positiewe uitwerking gehad, met tot 1800 kykers wat die rit gevolg het. Die koste het N$15 000.00 beloop. TV Namibia is bereid om dit in 2020 ook te doen.

Patrick Liebenberg sê dat Nera se finansiële state nou op Quickbooks gedoen word. Volgens Lee-Anne word glad nie meer met kontant gewerk nie, wat beteken dat goed boek gehou kan word van alle inkomste en uitgawes.

Ten opsigte van Nera se finansiële state, sê sy op ‘n vraag uit die gehoor, dat die uitstaande bedrae insluit: Duneside (N$700.00), Okanjande (N$2000.00) Erasa en Botswana (wat bydraes moes lewer met die besoek aan die FEI). Die Raad sal moet besluit hoe om dit op te volg.

2017 se ledegeld sal moet afgeskryf word.

Die magtigingsprosedure by Standard Bank met die nuwe sekretaresse sal op die raadsvergadering bespreek word.

Die President bedank Lee-Anne vir die goeie werk en vir haar bydrae om Nera se sake in orde te kry.

6. Besprekingspunt

6.1 NERA – NAMEF – FEI, die pad vorentoe

Die Voorsitter gee ‘n kort opsomming uit die Grondwet wat dit duidelik stel dat Nera as n vereniging (association) gestig is, sodat lede kan weet wat die doel van die vereniging is

Hierna gee die voorsitter ‘n opsomming van die gebeure wat gelei het tot die huidige situasie tussen Nera en Namef.

Nera het die afgelope tyd met Namef saamgewerk en onderhandel en het as vereniging onder Namef geaffilieer.

Hoewel Namef aanvanklik toegestem het dat Nera as vereniging by hulle kan aansluit, word daar toe vereis dat:

Enige ruiter wat aan ‘n FEI rit wil deelneem, as individuele lid by Namef geregistreer moet wees, ten einde Namibiese kleure te kan verwerf.

Novice ritte sal nie aanvaar word as die ruiters nie by Namef geaffilieer is nie.

Klubs wat FEI ritte will aanbied, moet die datums voor September na Namef deurgee vir goedkeuring.

Nera het die Walvisbaai byeenkoms as ‘n FEI rit geregistreer.

Die FEI fooie word oor ‘n tydperk van 4 jaar bepaal en is aan Namef betaalbaar, sowel as enige ander fooie wat altyd deur Nera betaal is.

’n Namef taakgroep gaan gestig word om seker te maak dat Uithourit reëls nagekom word.

Namef het die Sportkommissie van hierdie besluite ingelig.

Op die Namef jaarvergadering in Julie 2019 asook op die Nera raadsvergadering van 22 Junie, is besluit dat:

Nera as vereniging onder Namef kan funksioneer,

Alle Uithourit klubs by Namef moet registreer,

Nera Jaarlikse finansiële state moet voorlê,

Alle korrepsondensie met FEI en aansoeke vir kleure na Sportkommissie, deur Namef hanteer sal word,

Alle FEI fooie deur Nera betaal sal word, ens.

Na baie onderhandelinge, waar Barbara Scholtz ‘n groot rol gespeel het, lê Namef toe ‘n voorstel aan Nera voor van hoe sake hanteer moet word.

Nera het die voorstel ontleed en met veranderinge/voorstelle na Namef gestuur. Duneside het ook ‘n voorstel ingedien.

Intussen het Namef vir die FEI genader oor wat gaan gebeur as Nera besluit om nie by Namef te affilieer nie, ten opsigte van ruiters en perde, byeenkomste, telers, beamptes, ens.

Hierop het die FEI geantwoord dat hulle nie enige ruiter of perd wat nie by Namef geregistreer is nie, kan penaliseer nie, maar dat sodanige perd en ruiter vir ‘n tydperk van 6 maande aan geen goedgekeurde ritte mag deelneem nie. Indien dit gebeur kan die ruiters en perde geskors word, na ‘n dissiplinêre verhoor.

Nera sal byeenkomste kan aanbied, maar dit gaan nie-goedgekeur wees en sal geen FEI ritte kan aanbied nie. Dit bring mee dat ruiters wat aan Nera behoort ook nie aan perdewedrenne mag deelneem nie. FEI beamptes en veeartse sal ook nie in ‘n tydperk van 6 maande by goedgekeurde ritte kan optree nie.

Nera het toe vir Namef gevra om duidelikheid te gee oor van die aangeleenthede, en is besluit om die Jaarvergadering te verskuif sodat Namef tyd kan kry na die Moskou vergadering om terugvoer te gee.

Die terugvoer het op 25 November gekom, waarin kortliks die besluite weergegee is wat op die vergaderings gehou is, soos bv. die nuwe FEI reëls ten opsigte van uithouritte wat aanvaar is.

In dieselfde skrywe is Nera toe ook meegedeel dat alle Uithourit ruiters wat aan FEI ritte wil deelneem of vir nasionale deelname wil kwalifiseer, sal by Namef moet registeer. Indien ruiters of beamptes aan nie-goedgekeurde byeenkomste deelneem, sal daar gevolge wees. Dit is ook duidelik gemaak dat ruiters en perde wat nie by Namef geregistreer is nie, nie aan enige Saef byeenkoms in SA kan deelneem nie. Enige klub wat ‘n nasionale of internasionale byeenkoms will aanbied, sal ook by Namef moet registreer.

In die brief is ook genoem dat ‘n ad-hoc komitee saamgestel gaan word om die uithourit disipline onder Namef te bestuur. ‘n Spesiale Jaarvergadering gaan deur Namef op 19 Janaurie 2020 gehou word om hierdie besluite te bekragtig.

Die Nera President het toe geskryf om te hoor of NERA as vereniging nog steeds aan Namef kan behoort, soos besluit is.

Op 28 November is terugvoer ontvang, waarin die vraag nie beantwoord is nie, maar die name van die ad-hoc komitee bekend gemaak is wat gaan ondersoek instel na onder meer:

‘n Uithourit administratiewe stelsel vir uitslae/ritte;

Kriteria vir kleure;

Nasionale uithouritreëls en die uithouritkalender vir 2020.

Volgens die President (wat ‘n lid van die komitee is), is hy nooit genader om te hoor of hy kan dien nie. Hy het ook nog nie hierop geantwoord nie.

Namef het versoek dat Nera terugvoer gee voor die spesiale jaarvergadering op 18 Januarie 2020.

Die lede is hierna geleentheid gegun om die saak te bespreek.

Patrick Liebenberg sê dat die Sportkommissie nie genader kan word om as skeidsregter op te tree tusen Namef en Nera nie. Nera het ‘n vergadering met die sportkommissie gehad, maar tot op datum is nog geen terugvoering ontvang nie.

Marna Steyl het vrae van Ingeborg Hernes voorgele:

- Wat is die gevolge van nie-goedgekeurde ritte – dit is geantwoord op vergadering.
- Hou nie van gedreig word deur Namef – dit is eintlik dat Namef nie wil optree teen ruiters en perde wat aan nie goedgekeurde ritte deelneem nie
- Vrae oor die doel van die ad hoc komite – dit is op vergadering geantwoord
- Sy stel ook twee soorte registrasies voor: sosiale ruiters en FEI ruiters.

Lede spreek hul misnoë uit met die feit dat Namef die vereniging wil dwing om by hulle aan te sluit as individuele lede en wat is die voordeel om aan Namef te behoort.

Bart Steyl noem dat Namef vanjaar N$1.5 miljoen van die FEI ontvang het vir ontwikkeling, maar dat net twee springkompetiesies gehou is. Hy wil weet wat van die ander geld geword het. Nera word nie meer as ontwikkelende liggaam erken nie and kan dus nie fondse hiervoor ontvang nie. Namef word erken as ontwikkelende liggaam, maar hulle standaard is nie eens op die hoogste FEI gradering nie, en dan will hulle vir Nera voorskryf wat om te doen. Namef se President kan nie toegelaat word om besluite namens Nera te neem nie.

Rinus van der Merwe sê dat die Windhoek klub al 20 jaar terug die eerste FEI rit aangebied het, en dat Nera toe op FEI reëls begin werk het om beter diens aan lede te voorsien en perde op te pas. Die sport het geweldig gegroei hierna en dis oorgedra na SA en lede het begin om perde te verkoop, om die koste van die bedryf te dra. Groot telers het later besef dat hulle nie aan FEI hoef te behoort om perde uit te voer nie.

Nou het die situasie sodanig verander dat dit onbekostigbaar raak om by die FEI reëls te hou, bv. die vereiste van perdegriepinspuitings (‘n siekte wat nie eens in Namibie voorkom nie) wat baie duur is. Hy sien nie die weg oop vir Nera om die pad saam met Namef en Duneside te loop nie.

Die koste per ruiter om aan FEI ritte deel te neem is ook baie hoog, benewens die fooi wat aan Namef betaal moet word. Die President sê die fooie wat betaalbaar gaan wees, is nog nie uitsorteer nie.

Alice Krenz sê die nuwe FEI reëls soos aanvaar op die vergaderng in Moskou, is baie streng en Nera moet mooi dink om hulle kans sien om dit te implementeer.

Die President sê die reëls is ontvang van die FEI af en hoe dit geimplementeer gaan word, sal in Desember deurgegee word, vir geldigheid van Januarie af.

George Wessels sê daar is nie een klub, behalwe Duneside, wat FEI ritte volgende jaar aanbied nie. As Nera by Namef aansluit sal dit beteken meer FEI ritte moet aangebied word, wat baie meer kostes beteken. Nera se ritkalender vir 2020 is deur Namef goedgekeur, maar nou wil hulle daaraan verander. Hy is van mening dat Nera slegs as vereniging by Namef moet aansluit.

Dieter Neumann se Nera moet aanvaar dat hulle nie vir Namef gaan voorskryf wat om te doen nie. Die FEI werk in hierdie stadium net deur Namef. Nou dat Namef besluit het om nie Nera as vereniging te aanvaar nie, maar net klubs en lede, moet Nera mooi dink of hulle wil aansluit of onafhanklik wil wees. Namef gaan ook baie streng by die nuwe FEI reëls hou.

Op ‘n voorstel dat Nera as ontwikkelende sport registreer en sodoende fondse van FEI kan bekom, sê die President dat Nera nie meer deur die FEI as ontwikkelende sportliggaam beskou word nie, omdat hy al 3-ster ritte aangebied het. Die saak is reeds ondersoek en die antwoord was nee.

Marna Steyl se Nera moet ‘n besluit neem, maar die rede is baie belangrik. As Nera by Namef wil aansluit sodat ruiters nasionale kleure kan kry, moet in ag geneem word dat die nuwe FEI reëls dit baie moeilik gaan maak om sulke kleure te bekom.

Sabine Derks se met die nuwe FEI reëls is elite ruiters ook nie meer ‘n opsie nie. Ten opsigte van ruiters wat oorsee deelneem, is daar verskeie byeenkomste wat nie FEI geregistreerd is nie, waar ruiters kan deelneem.

Bennie Venter sê hy verstaan nie hoe Namef wil hê Nera moet by hulle aansluit nie. Hul grondwet maak net voorsiening vir “affiliated members” en “honorary members”, en die verduideliking vir “affiliated members” is klubs of “organizing committees”, dit sal beteken dat Nera van nul en gener waarde gaan wees. Hy spreek sy misnoeë uit met Namef se aand- en more-praatjies wat nie ooreenstem nie en ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering soos beplan vir 19 Januarie kan nie ‘n besluit van die Algemene Jaarvergadering vervang nie,

Die voorsitter gee ‘n vergelyking van die voor en nadele om by Namef aan te sluit:

Namef	Nera
FEI geregistreerde ritte	Geen FEi registrasie ritte
Internasionale deelname	Geen internasionale deelname
Nasionale kleure – kriteria vaag	Hopelik nasionale kleure
Hoër ritfooie	Laer ritfooie
Hoër koste vir ritte,veeartse	Laer koste vir ritte, veeartse
Kwalifikasie	Kwalifikasie nie duidelik
Geen Nera eenheid	Nera eenheid
	Verloor perde en ruiterboekies

Wat betref die reëls wat gevolg gaan word, stel George Wessels voor dat ‘n besluit eers geneem word oor wegbreek of nie, en dan kan die AJV oor reëls besluit. Dit word so aanvaar.

Die Nera sisteem soos huidiglik in werking sal in besit van Nera bly.

Wat betref om planne te maak dat ruiters en perde aan Namef en aan Nera ritte kan deelneem, is daar nie ‘n middeweg nie. Dit is of die een of die ander. Dit sal dalk nie op sisteme opgetel kan word nie, maar deur ander kanale wel.

Die President gee ‘n kort opsomming van koste betrokke met FEI ritte en Nera ritte. As ‘n een-ster rit in Gobabis aangebied word, as ‘n FEI rit, sal dit vir 20 ruiters ongeveer N$57 000.00 kos, waar as dit ‘n Nera rit is met 30 ruiters, sal die koste ongeveer N$17 660.00 beloop.

Bennie Venter vra lede moet net onthou, dis nie Nera wat wil afstig nie. Namef het teruggegaan op hul woord en maak dit dus onmoontlik om as assosiasie by hulle aan te sluit. Namef wil dus Nera tot niet maak.

Lede is kans gegee om onder mekaar te koukus en toe gevra om te stem. Volgens die grondwet kan dit per hand of per stembrief geskied. Die vergadering besluit om per hand te stem vir die volgende:

- Nera bestaan voort en sluit nie aan by Namef en die FEI nie
- Nera lede en klubs sluit by Namef en FEI aan

Twee-en-twintig lede stem ten gunste van die eerste voorstel.
Een lid stem vir die tweede voorstel.

Wat die reëls betref waaraan Nera onderworpe gaan wees, word besluit om voort te gaan op die 2019 FEI reels.

Dieter Neumann sê die Nera Raad moet nie die magte gegee word om die reëls te verander nie en dat die huidige FEI reëls nie aanvaar word nie, maar dat die 2019 reëls vir volgende jaar gebruik word. Die Raad kan dan ‘n komitee aanstel om die reëls in heroorweging te neem. Bennie Venter sekondeer.

Bennie Venter sê veranderinge moet ook aan die grondwet aangebring word. Die veranderde grondwet kan op ‘n buitengewone vergadering aan lede voorgelê word. Volgens die grondwet kan sodanige vergadering belê word deur ‘n geskrewe versoek aan die sekretaresse deur twee-derde meerderheid van drie klubs, of deur die Raad.
Die agena moet binne 7 dae van die versoek, en 30 dae voor die vergadering uitgestuur word.

Die lede besluit dat die Raad die vergadering sal belê.

Bennie Venter se as Duneside besluit om by Namef te bly, moet hulle dadelik van die Nera Raad afgaan. Hulle moet ook nie meer korrespondensie ontvang nie.

Die vergadering besluit dat die Walvisbaai byeenkoms voort bestaan en deur Nera georganiseer word. Lede word aangemoedig om hul dienste aan te bied.

7. Vergadering verdaag

Die vergadering verdaag.

……..
Festa Venzke
Sekretaresse Namibia Endurance Ride Association